

# Die groot fout

## Genesis 3

Daar was baie bome in die Tuin van Eden. God het vir Adam en Eva gesê: "Julle mag die vrugte van enige boom eet, behalwe een. Julle mag nooit die vrugte van die boom van kennis van goed en kwaad eet nie."

Ongelukkig was daar 'n skelm slang in die tuin. Op 'n dag sien die slang vir Eva naby die spesiale boom. Die slang het gesis: "Het God regtig gesê julle mag nie van die vrugte van hierdie boom eet nie?"

Die slang wou hê Eva moes ongehoorsaam wees aan God. Die slang sê toe: "Proe van hierdie heerlike vrugte. As jy dit eet, sal jy net soos God wees. Jy sal weet wat die verskil tussen goed en kwaad is."

Die vrugte het baie lekker gelyk. Eva het onthou wat God gesê het, maar sy het nogtans die vrugte geëet. Toe gee Eva vir Adam daarvan. Hy het ook daarvan geëet.

Toe die son ondergaan, het Adam en Eva vir God in die tuin hoor loop. God het hulle gesoek. Adam en Eva het tussen die bome weggekruip. Hulle was bang.

"Wat het julle gedoen?" het God gevra. "Het julle van die spesiale boom se vrugte geëet?" Adam het gesê: "Ja, maar Eva het dit vir my gegee." Eva het gesê: "Ja, maar dit is die slang se skuld."

God het vir die slang gesê: "Omdat jy dit gedoen het, sal jy altyd op jou maag seil." Toe sê God vir Adam en Eva: "Omdat julle ongehoorsaam was aan My, kan julle nie meer in die tuin bly nie."

Adam en Eva is toe uit die tuin uit. God het engele met 'n vlammende swaard voor die tuin se ingang gesit sodat niemand kon inkom nie. Adam en eva sou nooit weer in die tuin toegelaat word nie.

(Uit: Bybelstories vir beginners)

## Beantwoord die volgende vrae:

1. Waarvan mag Adam en Eva nie geëet het nie?

_______________________________________________

2. Wat was daar in die tuin?

___________________________________

3. Wat wou die slang hê moes Eva doen?

_______________________________________________

4. Wat het die slang gesê sal gebeur as Eva van die vrugte eet?

_______________________________________________

5. Wat het Adam en Eva gedoen toe hulle God in die tuin hoor loop?

_______________________________________________

6. Hoekom dink jy het hulle dit gedoen? (Behalwe dat hulle bang was)

_______________________________________________




# Oulike idees vir kunsaktiwiteite







Daar is ook 'n oulike inkleurprentjie op die volgende bladsye.






Skakel vir templaat van appel prentjie:

https://craftingthruthebible.com/wp-content/uploads/Bitten-Apple.pdf

# Die groot fout

God het vir Adam en Eva gesê hulle mag enige vrugte in die Tuin van Eden eet behalwe van een boom s'n. Maar hulle het nie geluister nie en toe daarvan geëet. Dit het God hartseer gemaak.



(Ou Testament inkleur-en-aktiwiteitsboek: Die groot Bybel vir klein hartjies)